

Sondag 5 April 2020 (Palmsondag)

Fokusteks: Matteus 21:1-11

Goeiedag aan julle, my medegelowiges. Ek groet julle vandag met die genade en vrede van ons Here Jesus Christus.

Die eerste week van ons land se inperkingsmaatreëls weens die Corona virus is verby. Vir baie van ons is dit 'n groot aanpassing in ons daaglikse roetine. Die spreekwoordelike mat is behoorlik onder ons voete uitgeruk. Die sekerhede van vroeër het weggeval. Sommige dinge wat ons as belangrik in die lewe beskou, blyk nou nie meer so belangrik te wees nie. Mense is bang en onseker oor wat die onmiddellike toekoms vir ons lewensbestaan inhou. Ons neem met kommer kennis van duisende infeksies en sterftes wêreldwyd en wonder hoe dit ons eie land gaan affekteer. Wanneer 'n mens bv. noodsaaklike kruideniers in die winkel gaan aankoop is dit asof daar 'n senuagtigheid jou beetpak.

'n Mens wil in hierdie brose tyd van ons menslike bestaan die vraag vra van die psalmdigter in Ps.121 - *Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom?* Hy gee dadelik die antwoord: *My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.* Dit is die Skeppergod sélf wat die onrustigheid aanspreek en vrede bring.

Jesus bevestig presies dit wanneer Hy, kort voor sy kruisiging, Jerusalem op die rug van 'n donkie binne ry. Kom ons lees Mat.21:1-11

Toe hulle naby Jerusalem kom en Betfage aan die Olyfberg bereik, het Jesus twee dissipels vooruit gestuur² en vir hulle gesê: "Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n donkie kry wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My. ³En as iemand vir julle iets daarvoor sê, antwoord dan: Die Here het hulle nodig, en Hy sal hulle gou weer terugstuur."

⁴*Dit het gebeur sodat die uitspraak van die profeet vervul sou word:*

⁵*"Sê vir Sion:*

Kyk, jou Koning kom na jou toe;

Hy is nederig en Hy ry

op 'n donkie,

op die vul van 'n pakkier."

⁶*Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen wat Jesus hulle beveel het. ⁷Hulle het die donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim. ⁸Die grootste deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi. ⁹Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep:*

"Prys die Seun van Dawid!

Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!

Prys Hom in die hoogste hemel!"

¹⁰*Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in beroering gekom en gevra: "Wie is hierdie man?"*

¹¹*Die skare het geantwoord: "Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea!"*

Daar is wonderlike en insiggewende simboliek in hierdie gebeure. Matteus beskryf hoe die profesie uit die Ou Testament in vervulling gaan. So staan dit in Sagaria 9:9:

*Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! **Jou koning sal na jou toe kom.** Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, **hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie.***

Hiermee wys Jesus nou openlik wie Hy regtig is. Hy is die ware Redder en Messias. Die ware Koning. Hy is waarlik God. Pilatus en kie moes dit sekerlik as 'n uittarting van hul mag en heerskappy ervaar het! Nietemin, die koningskap van Jesus lyk anders as dié van wêreldse heersers. Wanneer 'n koning op 'n donkie 'n stad binnegery het, was sy koms 'n teken van vrede. Aan die anderkant, as hy op sy oorlogspers was, was dit om mag en gesag af te dwing, dikwels met geweld. Jesus se intog in Jerusalem op die rug van 'n donkie beteken dat Hy vrede bring. Hy doen dit met nederigheid en sagmoedigheid. Jesus gaan nie Pilatus se politieke heerskappy oorneem nie. Hy sê immers later vir Pilatus: *My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie* (Joh.18:36). Nee, Hy gaan dit *vervang* met 'n totaal nuwe orde, een van vrede. Vrede tussen God en mens en vrede tussen mens en mens. Hoe gaan Hy dit doen? Nie deur geweld nie, maar deur te sterf aan die kruis as die Sagmoedige. Hiermee het die woorde van Sagaria 9:10 ook in vervulling gegaan:

*Ek sal die strydwaens in Efraim vernietig, die perde uit Jerusalem uitroei. Die pyl en boog waarmee oorlog gemaak word, sal gebreek word. **Die koning sal vrede vir die nasies afkondig** en hy sal regeer van see tot see, van die Eufraat af tot in die uithoeke van die aarde.*

Jesus is die Koning van Vrede.

Die opgewonde skare ontvang Jesus deur palmtakke te wuif - die gebruikelike manier om 'n koning te verwelkom. Dit is soos wanneer ons 'n belangrike amptenaar met 'n rooi tapyt verwelkom. Hulle noem Hom **Seun van Dawid**, 'n bekende titel vir die Messias. Hoekom? Omdat die Here aan Dawid belowe het dat sy koningskap en troon vir altyd sal voortbestaan (2 Samuel 7:16). Die skare het die verwagting dat Jesus die nasaat uit die stam van Dawid is wat Israel sal herstel en sy vyande sal vernietig.

Hulle roep uit: **Prys die Seun van Dawid!** En ook: **Prys Hom in die hoogste hemel!** Die Ou Vertaling gebruik die woord, **Hosanna**. Die oorspronklike betekenis van hierdie woord is: *Red ons asseblief!* Dit is 'n pleitroep om redding. Heel waarskynlik het die skare die woorde van Psalm 118:25,26 gebruik waar die Hebreeuse ekwivalent vir *Hosanna* voorkom:

Red tog, Here, gee tog voorspoed, Here! Prys hom wat in die Naam van die Here kom!

Wie is Jesus dan? Hy is die Vredebringer. Hy is ook die Verlosser, die Redder. Ongelukkig het die skare 'n verkeerde verwagting gehad van wat die Messias sou kom doen. Hulle het 'n sterk, militêre tipe leier verwag, Jesus kom egter as die Sagmoedige, die Vredevors. Dit was vir hulle teleurstellend. En skaars 'n paar dae later sou die *Hosannas* verander in: *Kruisig Hom, kruisig Hom!*

Waar is God vandag?

God is nog steeds hier, soos Hy nog altyd teenwoordig was van die begin af. God is by ons in al ons hoop en al ons drome. God is ook daar wanneer ons hoop verander na wanhoop, en wanneer ons drome verander in nagmerries. Moet egter nie aan God dink as 'n soort towerstaf wat dinge reg tower nie. Dan sal jy ook teleurgesteld en opstandig staan soos die skare mense by Golgota.

Wat is jou verwagting van God in hierdie tyd wat ons nou beleef? Wie moet Hy vir jou wees? 'n Noodhulptas, 'n ekonomiese verlosser, 'n sterk politieke leier? Miskien moet ons eerder vra, wat word nou van óns as kinders van die Here verwag? Laat ons God vertrou vir ons lewe. In diepe afhanklikheid. Laat ons die kommer waarmee ons nou worstel aan God oorlaat. Laat ons deur ons geloof in God draers van hoop en lig wees. Laat ons saam met die Psalmdigter bely: *My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.*

Gebed

(Lied 284:2,3)

Laat, Heer, U vrede deur my vloei...

En laat ek hoop gee waar daar twyfel is.

Ek wil U lig in duisternis laat skyn.

Laat ware vreugde altyd uit my straal.

O Heer, help my om altyd so te leef -

Om ander hoër as myself te ag,

Ja, om lief te hê - ander bo myself -

En ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, U vrede deur my vloei...

Leer my om ook soos U te kan vergeef.

Maak my bereid om aan myself te sterf,

Dat ander U al meer in my kan sien.